# SPORE.

Die oudste voetspore wat ons van weet is Jesus se voetspore. Spore van liefde, hoop en as voorbeeld wat ons moet navolg. Dan kry ons ook verwoestende spore wat ‘n tornado of orkaan nalaat. Die ergste en blywendste is egter die spore wat die gees van die mens vertrap.

Die eerste slag van twaalfuur middernag eggo deur die nagstilte en dis die volgende elf slae wat tydsaam die uur voltooi, wat reeds deel uitmaak van môre. Afgemete sonder haas sleep hulle met die eggo saam – ‘n trae afskeid van gister, asof hulle nie deel wil wees van môre nie. Onherroeplik is egter gister en al die gisters voor dit.

Dis tyd ... tyd, die tik van elke sekonde; is die kosbaarste geskenk van God aan die mens. Moenie wag vir die regte tyd nie. Tyd is vandag – tyd is nou. Leef was vir gister; vir die goeie besluite wat jy gemaak het. Dis wat Ferdie de Necker in die Mara Jones Kliniek geleer het.

Gerbrand Ferdinand de Necker het van meet af aan gespaar om ‘n motor te kan koop. Met genoegdoening klim hy tuis uit en stap die huis binne. “Dis waarvoor ek tot dusver gewerk het,” sê hy as hy die sleutels neergooi. Hy gaan sit op die stoel langs sy pa.

In plaas van om sy kind geluk te wens spring hy op en vra: “Wanneer het jy jou bestuurs-lisensie gekry?” Hy staar hom uitdagend aan.“

Ferdie glimlag skalks. “Ronnie my pel sal dit bestuur tot tyd en wyl ek kan uitpasseer.” Hy staan op. “Kan ek asseblief die kar in die garage trek?”

“Goed ... Goed dan as jy so wil.”

“As pa wil kan pa sommer saam met my werk toe ry.”

“Oor my dooie liggaam sal jy weer die kar uit die motorhuis trek. Ek sal die slot sluit en jy sal hom nie daaruit kry nie.”

Die volgende oggend loop sy pa soos gewoonlik stasie toe, maar Ferdie gaan nie saam nie. Hy gaan kry die saag in die stoorkamer en saag die slot oop; ry na Ronnie toe en saam vertrek hulle werk toe.

Kort voor teetyd daag die polisie daar op en deel hom mee dat hulle hom kom arresteer vir inbraak. Hy sit asof versteen. “Vi ... vi ... vir my, kom dit stotterend uit.”

“Ja, u het die motorhuis se slot oopgesaag en die motor geneem.”

“Maar ... maar dis my motor!”

“Die motorhuis is egter nie joune nie en jy het dit wederregtelik oopgebreek.”

Hy staar hulle aan. Gee dan so ‘n paar roggelende asemteue en kantel van die stoel af. Gou laat hulle die ambulans kom en een van die konstabels klim saam met hom agter in.

So beland Ferdie toe uiteindelik by die Mara Jones Kliniek. Vir hom is die feit dat sy pa sy tweede vrou toelaat om sy eie kind te laat aangee vir huisbraak, die laaste strooi.

Met ‘n stiefma wat ‘n duiwel uit die hel is, is dit verstaanbaar. Ter verduideliking – drie psigiaters het haar jare gelede as ‘n psigopaat geklassifiseer. Met al die onderonse; die duisende insidente, asook die vele intriges wat jarelank afgespeel het, was dít juis wat die kameel se rug gebreek het.